**REGLEMENT INSAKE VRYSTELLING VAN GEKOMBINEERDE KLASGELDE AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer van hierdie dokument | **GN0130** |
| HEMIS-klassifikasie | |
| Doel | |
| Tipe dokument | Reglement |
| Toeganklikheid | Algemeen (ekstern en intern) |
| Implementeringsdatum | 1 Januarie 2024 |
| Volgende hersiening | Wanneer die behoefte aan wysigings ontstaan |
| Vorige hersienings | n.v.t. |
| Eienaar van hierdie reglement | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel |
| Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie reglement | Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne |
| Goedkeuringsdatum | 5 September 2023 |
| Goedgekeur deur | Rektoraat |
| Sleutelwoorde | klasgelde, voordeel, vrystelling, werknemers, eggenote en kinders, vergunnings, belasting op voordeel |
| *Die Engelse weergawe van hierdie dokument is die geldende teks, en die Afrikaanse weergawe is 'n vertaling daarvan.* | |

## Inhoudsopgawe


1. Inleiding
2. Woordomskrywing
3. Persone wat vir vrystelling in aanmerking kom
4. Vergunnings vir persone met spesiale goedkeuring
5. Belasting op voordeel
6. Appèlproses

## 1. Inleiding

1.1. Hierdie reglement verduidelik die grondslag waarop werknemers van die Universiteit Stellenbosch (US) en hulle kwalifiserende gesinslede vrystelling van die betaling van klasgelde ontvang.

1.2. Die US streef daarna om ’n voorkeurwerkgewer te wees. Die instelling stel dus sy werknemers op prys en wil graag hulle én hulle gesinslede se leer en ontwikkeling ondersteun. Die voordele waarvoor hierdie reglement voorsiening maak, is bedoel om dít te bereik.

## 2. Woordomskrywing

2.1. ‘Kind’ beteken die biologiese of wettig aangenome kind van ’n ouer of wettige voog, of ’n kind verbonde aan ’n versorger buiten ’n biologiese of aanneemouer of wettige voog, welke versorger verantwoordelikheid vir die kind se fisiese, geestelike en finansiële welstand aanvaar. In geval van ’n versorger, kan die Universiteit daarop aandring dat die verwantskap met die kind bo redelike twyfel bewys word. Die Universiteit bepaal geheel na eie goeddunke die vorm van die bewys (wat onder meer ’n beëdigde verklaring of finansiële state kan insluit) én of dit aanvaarbaar is of nie.

2.2. ‘Werknemer’ beteken:

2.2.1. hetsy ’n vol- of deeltydse permanente werknemer van die Universiteit; en

2.2.2. ’n werknemer wat op ’n vastetermynkontrak van ’n jaar of langer by die Universiteit aangestel is.

2.3. ‘Vrystelling’ vir die doel van hierdie reglement hou verband met ‘studiegelde’ soos wat paragraaf 2.5 hier onder dit omskryf. Bykomende klasgelde van die Stellenbosch Bestuurskool, wat afsonderlik op die studenterekening verskyn, is uitgesluit van volle vrystelling. Gedeeltelike vrystelling van hierdie bykomende heffings word soos volg toegestaan:

- Personeellid: 20% korting op die klasgelde van die Stellenbosch Bestuurskool
- Eggenoot of kind van personeellid: 15% korting op die klasgelde van die Stellenbosch Bestuurskool

Die volgende voorbeeld (in rand soos in 2023) word ter verduideliking voorsien:

- Volle fooie vir die eerste MBA-studiejaar: R160 756
  - US-klasgeldkomponent: R46 610, waarvan die werknemer ten volle vrygestel is
  - Stellenbosch Bestuurskool-klasgeldkomponent: R114 146
    - 20% vrystelling vir personeellid: R22 829
    - 15% vrystelling vir eggenoot of kind van personeellid: R17 121

2.4. ‘Eggenoot’ beteken:

2.4.1. ’n persoon wat ooreenkomstig die Wet op Burgerlike Verbintenisse, die Wet op die Erkenning van Gewoontehuwelike of volgens enige Asiatiese geloof as wettig getroud beskou word; of

2.4.2. ’n persoon wat vir minstens ses maande met ’n maat saamwoon en (na gelang van die bepaalde omstandighede) redelikerwys beskou kan word as ’n lewensmaat in ’n permanente saamwoonverhouding.

2.5. ‘Studiegelde’ beteken die US-klasgeldkomponent van die volle studentegeldrekening. Studiegelde sluit bykomende heffings, soos verenigingsfooie, en die bykomende klasgelde van die Stellenbosch Bestuurskool uit (sien paragraaf 2.3 hier bo).

2.6. ‘Universiteit’ beteken die Universiteit Stellenbosch.

## 3. Persone wat vir vrystelling in aanmerking kom

3.1. <u>Werknemers</u>

Werknemers is geregtig op vrystelling, op die volgende voorwaardes:

3.1.1. Deeltydse werknemers ontvang ’n pro rata-voordeel op grond van hulle getal werksure.

3.1.2. Indien ’n werknemer in die Universiteit se diens sou sterf, het die eggenoot en kinders steeds toegang tot vrystelling, onderworpe aan die spesifieke vrystellingskriteria wat hierdie reglement bepaal.

3.1.3. Werknemers wat uit die Universiteit se diens tree, kom in aanmerking vir vrystelling op grond van hulle getal ononderbroke diensjare by die Universiteit terwyl hulle vir die voordeel in aanmerking gekom het. ’n Werknemer met tien jaar ononderbroke diens by die Universiteit kom byvoorbeeld in aanmerking vir vrystelling vir tot tien jaar ná aftrede.

3.1.4. Werknemers wat afgelê word, kom in aanmerking vir vrystelling ten opsigte van studie waarvoor hulle reeds ingeskryf is, vir die gewone duur van die betrokke studieprogram.

3.1.5. Werknemers wat in die loop van ’n jaar aangestel word of bedank, kom slegs in aanmerking vir ’n pro rata-gedeelte van die vrystelling, wat bereken word vanaf die datum van aanstelling of tot en met die datum van bedanking.

3.2. <u>Eggenote van werknemers</u>

3.2.1. Die eggenoot van ’n werknemer kom in aanmerking vir 75% van die voordeel waarvoor die werknemer kwalifiseer.

3.3. <u>Kinders van werknemers</u>

3.3.1. Kinders van ’n werknemer kom in aanmerking vir vrystelling, onderworpe aan die volgende bykomende kriteria:

3.3.1.1. Kinders moet met hulle studie aan die US begin voordat hulle 21 word.

3.3.1.2. Kinders kan hierdie voordeel slegs vir ’n maksimum van tien jaar se ononderbroke studie ontvang. Enige vrywillige onderbreking in die studietydperk diskwalifiseer die kind van die voordeel.

3.3.2. Indien die kind vir een jaar as ’n spesiale student registreer, kom die kind steeds vir vrystelling in aanmerking, mits:

3.3.2.1. die kind oor ’n goedgekeurde graad of diploma beskik wat binne die gewone duur van die betrokke studieprogram aan die US verwerf is;

3.3.2.2. die vakke waarvoor die kind registreer die graad of diploma waarna 3.3.2.1 verwys, aanvul;

3.3.2.3. die registrasie volg direk na die jaar waarin die graad of diploma in 3.3.2.1 verwerf is.

## 4. VERGUNNINGS VIR PERSONE MET SPESIALE GOEDKEURING

4.1. Fakulteit Krygskunde

Vrystelling van die betaling van studiegelde word toegestaan aan voltydse dosente en personeellede van die Sentrum vir Militêre Studie (CEMIS) wat permanent by die Fakulteit Krygskunde aangestel is.

4.2. Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskap

Personeellede met gesamentlike aanstellings by die US en die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid (WK DvG), die US en die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens (NHLS), of die US en die Mediese Navorsingsraad (MNR)

4.2.1. Permanente voltydse personeellede met gesamentlike aanstellings by die US/WK DvG, US/NHLS of US/MNR (buiten kliniese assistente) en wat by voortgesette opleiding en navorsing betrokke is, sowel as hulle afhanklike kinders wat vir 'n graad- of diplomaprogram by die Universiteit ingeskryf is, kom in aanmerking vir verlaagde klasgelde ooreenkomstig die tabel hier onder.

4.2.2. Alle personeellede moet oor akademiese status in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe beskik om ingevolge 4.2.1 te kwalifiseer. Versoeke vir akademiese status moet deur die betrokke uitvoerende departementshoof aangevoor en deur die Gesamentlike Staande Advieskomitee van die US en WK DvG of deur die Institusionele Akademiese Patologiekomitee van die US en NHLS goedgekeur word en in die geval van die MNR deur die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskap Bestuurskomitee.

4.2.3. Bogenoemde personeellede mag die Universiteit se biblioteekfasiliteite gebruik.

| Personeelkategorie | Personeel wat op of ná 1 Januarie 2004 op die gesamentlike diensstaat aangestel is | Personeel wat voor 1 Januarie 2004 op die gesamentlike diensstaat aangestel is |
|---|---|---|
| 1. Permanente/voltydse interne mediese personeel van Tygerberghospitaal met 'n gesamentlike aanstelling by US/WK DvG (wat kliniese assistente uitsluit) | 75% | 100% |
| 2. Permanente/voltydse mediese personeel met 'n gesamentlike aanstelling by US/NHLS (wat kliniese assistente uitsluit) | 75% | 75% |
| 3. Permanente/voltydse mediese personeel van buite Tygerberghospitaal met 'n gesamentlike aanstelling by US/WK DvG (wat kliniese assistente uitsluit) | 75% | 75% |
| 4. Permanente/voltydse wetenskaplikes met 'n gesamentlike aanstelling by US/DvG, US/NHLS of US/MNR | 75% | 75% |

4.3. Personeel van die Skool vir Mondheelkunde (SU) wat na die diensstaat van die Universiteit van Wes-Kaapland se Fakulteit van Mondheelheelkunde oorgeplaas is

Personeel van die Universiteit se Skool vir Mondheelkunde wat na die diensstaat van die Universiteit van Wes-Kaapland oorgeplaas is, behou hulle klasgeldvoordeel, wat hanteer sal word ooreenkomstig die besluit van die US Raad en die aanbevelings in die verslag van die Gesamentlike Samesmeltings- en Inlywingstaakgroep (JMITT). Die koste in dié verband word as beurse aan die Universiteit van Wes-Kaapland oorbetaal, waarop die betrokke personeellede ten volle belas sal word.

4.4. Geakkrediteerde instelling (Elsenburg)

US-personeellede met kinders wat by Elsenburg studeer, geniet die voordeel van

vrystelling van gekombineerde klasgelde vir so lank as wat die betrokke ooreenkoms met die Universiteit van krag bly.

4.5. Lede van die US Raad

'n Korting van 75% op studiegelde word toegestaan aan kinders van bestaande lede van die US Raad óf aan Raadslede self. Hierdie voordeel is egter beperk tot die tydperk van Raadslidmaatskap. 'n Pro rata-voordeel vir die jaar is beskikbaar in die eerste en laaste jaar van die lid se termyn.

## 5. Belasting op voordeel

5.1. Die voordeel word belas ooreenkomstig die heersende belastingwetgewing.

5.2. Ingevolge huidige wetgewing word 'n maandelikse byvoordeelbelasting afgetrek terwyl die voordeel gebruik word, welke belasting deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens bereken word.

## 6. Appèlproses

6.1. Enige werknemer of kwalifiserende gesinslid wat nie aan een of meer van die kriteria vir 'n vrystellingsvoordeel voldoen nie, kan versoek om van die toepaslike kriteria kwytgeskeld te word.

6.2. 'n Aansoek om kwytskelding kan nie ingedien word met betrekking tot die waarde van die voordeel wat die Universiteit voorsien nie.

6.3. 'n Volledige motivering vir kwytskelding van die betrokke kriteria moet by die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne ingedien word.

6.4. Die motivering sal oorweeg word deur 'n komitee wat bestaan uit die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel en die hoofdirekteure van Finansies en Menslike Hulpbronne.

6.5. Die komitee sal bepaal of die kwytskelding toegestaan moet word, en daar is geen reg van appèl teen die komitee se besluit nie.